NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 40
9 November 2023

## Ek is die Here se kind, in álle omstandighede

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Paulus het met hom* (Feliks) *gepraat oor 'n lewe in gehoorsaamheid aan God, oor selfbeheersing en oor die komende oordeel. Dit het Feliks laat bang word...***

**Lees Handelinge 24: 24-27**

Paulus is nou al vir twee jaar in die gevangenis. Die goewerneur wat sy saak moes aanhoor, was korrup. Daarom word Paulus se tyd in die gevangenis verleng, nie omdat hy 'n misdaad gepleeg het nie, maar omdat Feliks gehoop het dat Paulus hom sou probeer omkoop. Paulus het nie vir Feliks enige omkoopgeld aangebied nie. Inteendeel, Paulus het elke geleentheid gebruik om met Feliks te praat oor 'n goeie lewe voor God. Ons kan ons net indink hoe magteloos en gefrustreerd Paulus moes gevoel het. Daar is soveel goeie werk wat hy nou kon doen, soveel plekke wat hy kon besoek om Jesus se Blye Nuus uit te dra. Maar nou sit hy hier in die gevangenis en sy hele bediening het tot stilstand gekom.

Baie van ons voel ook so, so asof my lewe tot stilstand gekom het. So asof ek ook vasgevang is. Die ironie is, ons leef in 'n tyd van ongekende voorspoed en welvaart. Alles gaan eintlik goed, maar ek is kwaad. Daar is nie regtig iets fout nie, maar ek is gefrustreerd. Ek het niks om oor te kla nie, maar ek is ongelukkig. Die uitdaging wat ons vandag het, is om in 'n tyd van oorvloed en gemak steeds dankbaar te wees. Om in 'n tyd van rykdom steeds waardering te hê, in 'n tyd van vervelige roetine steeds dryfkrag te hê. Om in 'n korrupte samelewing anders op te tree, in 'n tyd van verval steeds hoë standaarde na te streef en my bes te doen.

Al was Paulus in die gevangenis en al het sy bediening eintlik tot stilstand gekom, was hy nie minder 'n apostel van die Here nie. Al is daar baie frustrasies in my lewe, al voel dit of ek ook vasgevang is, al is die wêreld so deurmekaar, ek bly steeds 'n kind van die Here. Kom ek gaan leef vandag so.

**Ds Pieter Rossouw, Mafeking/Zeerust**

*** Hierdie teks van ds Pieter Rossouw is die dagstukkie van 9 November in 2024 se *Bybelse Dagboek*. In die redaksionele berig van dié *Dagboek* skryf dr Annelie Botha soos volg: *Dikwels veroorsaak ons besige lewens en al die dinge wat ons ons oor bekommer dat ons ons ewewig verloor ... Dan voel dit of ons beheer verloor en gryp ons benoud rond om vastigheid te vind. Ons hou ons besig met baie dinge, maar nie noodwendig met die noodsaaklike – ons verhouding met God – nie.* Dr Botha benadruk dat die lees van die dagstukke van die *Bybelse Dagboek* vir ons 'n geleentheid skep om ons oog gefokus te hou op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van ons lewe. Om God weer in die middelpunt van ons lewe te plaas.

Die 2024 *Almanak/Bybelse Dagboek* word volgende week van die drukkers ontvang. Bestel die publikasie van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za** teen R200 per eksemplaar (versending uitgesluit).

## Lief en leed



Mnr Kobus Viljoen

- **Mnr Kobus Viljoen**, voorheen administrateur van die NHKA, het gedurende September 2022 ’n knievervanging ondergaan, maar die prostese moes verwyder word omdat hy ’n kiem in die been opgetel het. Die knievervanging is vroeër vanjaar voortgesit, maar daar het weer komplikasies ingetree. Hy het Dinsdagaand 7 November soos volg laat weet: *Dankie vir die volgehoue en liefdevolle ondersteuning die afgelope jaar. Dis ongelooflik dat die infeksie, na meer as ’n jaar, steeds teenwoordig was, ten spyte van moderne tegnologie. Môre gaan ek huis toe om, hopelik, ’n normale lewe te gaan geniet.* Mnr Viljoen en sy vrou, Gonda, is lidmate van Gemeente Pierneef.

- **Ds Werner Olivier** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op 19 November vanaf 09:00 by Gemeente Selcourt, hv Star- en Karibaweg, Selcourt, Springs. Dit sal ’n Nagmaaldiens wees.

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 November, en word hartlik geluk gewens:**

    - Donderdag 9 November: Ds PJ (Hannes) Wolmarans (54) (Secunda)
    - Saterdag 11 November: Ds AH (Adriaan) Roets (64) (Swartkop)
    - Sondag 12 November: Ds BE (Brits) Janse van Rensburg (31) (Harare)
    - Maandag 13 November: Ds IL (Innes) Benade (65) (Oudtshoorn)
    - Dinsdag 14 November: Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (57) (Middelburg)
    - Woensdag 15 November: Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg (56) (Zuurfontein),
    - di K (Kristy) Claassen (38) (ampsvoorreg/nie-diensdoende) en PJO (Pieter) Pretorius (77) (emeritus)
    - Donderdag 16 November: Dr WC (Wian) Kloppers (67) (emeritus) en ds CH (Casper) du Plessis (70) (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Ds Leon Geel (jr)

- **Ds L (Leon) Geel (jr)** van Midstream het ’n beroep ontvang na Lichtenburg. Hy het nie die beroep aanvaar nie.

- **Gemeente Naboomspruit** vier hul **80ste bestaansjaar** op **Saterdag en Sondag 18 en 19 November. Saterdag:** Boomplantseremonie, voorbereidingsdiens, geskiedkundige stories om ’n bosveldvuur en ’n bring-en-braai. **Sondag**: Outydse Nagmaal en dankseggingsdiens. Die dag word afgesluit met ’n heerlike Kersmaal. Oudlidmate van die gemeente is welkom om die geleentheid by te woon. Kontak Mabel by 083 220 1425 om u bywoning te bevestig. Navrae: Ds Jan Claassen by 084 400 5137 en ds Jannie Grobler by 082 375 2913.

## Vergaderings

- Donderdag 9 November: Pensioenraad
- Saterdag 11 November: Kommissie van die ADV
- Dinsdag 14 November: TOIBO Uitvoerende Bestuur
- Woensdag 15 November: Kinderhuise Direksie
- Donderdag 16 November: Kommissie van die AKV<br>Legitimasie<br>Rata Finkom
- Vrydag 17 November: Kommissie van die AKV<br>Ons Tuis Direksie

# ’n Gedig

**Alles en niks**

Wat jy verwaarloos
moet smadelik vergaan,
waaraan jy vashou
mag kragtiger staan:
dit is ten minste
wat jy vermoed
in die weifelende opweeg
van onheil en goed.

Hoe ook jou onkeerbare
aftog verloop,
skoorvoetend moet jy
meedoen aan die sloop,
so ongemerk moontlik
word jy ontwrig
en van houvas gestroop,
alomvattend verplig
tot alles, tot niks.

**Elisabeth Eybers**
(Uit: *Tydverdryf/Pastime*, 1996)


# Kerklike publikasies




- In die **November/Desember 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** vertel **prof Wim Dreyer** dat Karl Barth op sy sterfbed vir sy vriend en kollega, Eduard Thurneysen, gesê het: *Dit is nie nou die tyd om ons ore te laat hang en hoop te verloor nie, want dit is nie Moskou of Washington of Peking wat in beheer is nie. Die wêreld word regeer, maar nie hier op aarde nie, maar totaal en al vanuit die hemel...* Net so kan ons vandag, te midde van baie probleme, bely: *Die wêreld is donker, maar dit is nie nou die tyd om ons ore te laat hang en hoop te verloor nie, want dit is nie Pretoria of die ANC wat in beheer is nie. Die wêreld word regeer, maar ons weet dat God oor die toekoms beskik.* Die Hervormde Kerk, elke predikant en lidmaat, moet in die feestyd en in die nuwe jaar hierdie boodskap van hoop uitdra: God regeer! **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor die onverdraagsaamheid van kerkmense teenoor mede-Christene wat net effens “anders” leef en glo as hulle. Selfs lidmate van dieselfde kerk kapittel mekaar oor nietighede en klein verskille, want ons kan nie aanvaar ons “reg” is net so voorlopig soos die ander een s’n nie – en dus net so onderhewig aan korreksie. **Dr Chris le Roux** skryf oor die organisasie Geopende Deure Internasionaal se jaarlikse Wêreldwaarnemingslys (WWL) en die vyandigheid wat mense wêreldwyd as gevolg van hul identifikasie met Christus ervaar. Hulle lys die 50 toplande in die wêreld waar daar vervolging van Christene plaasvind. Die 2023-lys van die 50 lande toon dat Noord-Korea tans die land is waar die ergste vervolging plaasvind. Die nuutste data wys dat een uit elke sewe Christene wêreldwyd (een uit vyf in Afrika, twee uit vyf in Asië) met baie hoë of uiterste vlakke van vervolging leef. Dit wat die Christene daar ervaar, word gelys as fisiese en verbale mishandeling; gevangenskap (tronkstraf); ontvoering; omkopery; deportasie; verwoesting van eiendom; boetes; foltering; en moord. **Prof Tanya van Wyk** skryf oor Advent se lig en donker, lewe en dood. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.

- Gemeentes moet onthou om die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** ook vir hul emeriti te bestel. Plaas alle bestellings asseblief per e-pos en sê of dit versend moet word of afgehaal sal word. Dié wat hul hele ring se boeke kan afhaal, kan mev Sarie Roux laat weet by **boekwinkel@nhk.co.za**. Die gedrukte publikasie sal teen die middel van November beskikbaar wees.




- Die boek ***The Belgic Confession*** oor die Nederlandse Geloofsbelydenis het pas by AOSIS verskyn. Dit was 'n gesamentlike projek tussen Nederlandse teoloë, die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Pretoria. **Prof Wim Dreyer** was verantwoordelik vir hoofstuk 9: *Towards a relevant ecclesiology: An exposition of Articles 27-29 of the Belgic Confession*. Die publikasie dra so by om uitvoering te gee aan die opdrag van die AKV dat publikasies oor die belydenisskrifte beskikbaar gestel moet word. Lidmate en ampsdraers kan baie leer oor die geskiedenis, konteks en aktuele toepaslikheid van die Nederlandse Geloofsbelydenis deur die boek te lees. Die publikasie is beskikbaar by **https://books.aosis.co.za/index.php/ob/catalog/book/448**.

## Uit die geskiedenis

- **2 November 1824. Die heel eerste Sinode van die kerk in Suid-Afrika is Donderdag 2 November 199 jaar gelede geopen.** Daar was toe reeds 14 gemeentes, waarvan Kaapstad (die sogenaamde Groote Kerk, 1665) die oudste en Worcester (1821) die jongste was. Die Groote Kerk in hierdie waterverfskildery is in 1836 afgebreek en deur die huidige gebou vervang, maar die toring (tans ingedruk tussen die kerk en die Groote Kerkgebou) is behou. Groot feesvieringe word vir 2024 beplan.



- **In 2024 vind die 80-jaar-herdenkingvieringe van die eerste Afrikaanse Psalms- en Gesangeboek plaas.** (Die Totius-Psalmboek was sedert 1937 in die Gereformeerde Kerke in gebruik.) Hierdie 1944-boek was in gebruik tot 1978, en is hersien en gebruik van 1978 tot 2001.

  In 2024 sal daar ook die **500-jarige viering** wees van die Gesangeboek van Martin Luther, **die *Achtliederbuch*** wat op 29 September 1524 verskyn het.

  Die eerste volledige Psalms- en Gesangeboek in Afrikaans het op 29 Oktober 1944 verskyn – 11 jaar ná die Bybel in Afrikaans en sewe jaar ná Totius se beryming van die Psalms in Afrikaans.

  Reeds vanaf die middel van die 19de eeu het daar stemme in die Hollandse Kerk in Suid-Afrika begin opgaan vir vernuwing van die kerkliedere. Die Psalms was die Nederlandse beryming van 1775 met die Geneefse melodieë uit die 16de eeu, en die Gesange was die 192 *Evangelische Gezangen,* saamgestel vir die Hervormde Kerk in Nederland tussen 1803 en 1805, en hier by ons in gebruik geneem in 1814. Aanvanklik het dit gegaan om die ou melodieë waarvan baie vreemd geval het op die oor en vir baie lidmate "onsingbaar" geword het. Met die opkoms van Afrikaans, en veral sedert sy verowering van een vesting na die ander in ons volkslewe ná 1915, was dit onvermydelik dat die kerk ook aan die beurt sou kom. Ná 1920 word al hoe meer in Afrikaans gepreek; in 1933 kry ons die volledige Bybel in Afrikaans.

By die Afrikaanse Psalms word die mooiste Geneefse melodieë behou, en heelwat nuwe melodieë – baie daarvan deur Afrikaanse komponiste – verskyn.

Die 193 Gesange was grotendeels 'n verwerking van die *Evangelische Gezangen*. 'n Aantal minder bekende en minder gebruikte liedere is geskrap en vervang deur verwerkinge uit die *Vervolgbundel op de Evangelische Gezangen* van 1866. Om leerstellige en letterkundige redes is enkele verse van baie van die ou Gesange weggelaat.

Oral deur die land is die Afrikaanse Gesangeboek met luisterryke feeste op Hervormingsdag, 29 Oktober 1944, verwelkom.

Daar is natuurlik met 'n tikkie weemoed afskeid geneem van die singboek wat die bron van troos en bemoediging was vir ons voorgeslagte, veral in 'n veelbewoë deel van ons geskiedenis, die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog. Maar die dankbaarheid en vreugde dat ons volk voortaan in die kerk in ons moedertaal sou sing, het oorheers.

Dit sou onrealisties wees om te verwag dat die Afrikaanse Gesangeboek van 1944 bo alle kritiek verhewe sou wees. Van die begin af is daarop gewys dat sekere rubrieke, onder andere Kersfees en Pinkster, skraal verteenwoordig is. Ook is bevind dat onder die nuwe musiek in die bundel daar 'n aantal melodieë is wat die erediens nie waardig is nie. Ook sou die snelle ontwikkeling van die Afrikaanse taal uitdrukkings en segswyses in die boek gou laat verander. Vandaar die hersiene Gesangeboek wat in 1978 verskyn het. Wat die Gesange betref, het hierdie hersiening uiteindelik ook 'n aansienlike uitbreiding en verryking gebring.

Die **Liedboek van die Kerk** het nou 602 liedere: 150 Psalms en 452 Gesange. Die verstandhouding was dat die Hervormers steeds sou praat van Psalms en Gesange, nie van Lied nommer ... nie.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Ebenhaëzer: Liggiefees 2023**
  **Vrydag 1 en Saterdag 2 Desember**
  Van 16:00 tot laat saans
  Heerlike pret en vermaak vir die kinders
  Smaaklike kos om aan te smul
  Opwindende program van Kers- en gewyde sang
  Dalk 'n opvoering of twee
  Met plaaslike sanggroep Grinadiers
  Gemeentes, lidmate en skole kan gratis deelneem
  Bespreek 'n stalletjie vir die Kersmark:
  R600 vir 2 dae binne, R500 vir 2 dae buite
  Toegang is gratis
  Donasies is welkom en sal vir liefdadigheid aangewend word
  Vir meer besonderhede skakel Mariana van der Merwe (084 745 1054)
  Mirinda Pretorius (083 313 6267)
  Christine Kruger (083 362 8504)

- **Alphonso Theron** (61) het besluit om twee monsters aan te durf. Hy wil die **Munga**, een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietse in die wêreld, voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry! Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW

ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
Takkode: 632005
Verwysing: MUNGA + Naam

- **Alphonso en Rata se Bestuur** daag nou ook elke gemeente, Rata-kantoor en besigheid uit, om **1 000 keer om die kerk of kantoor met ’n fiets te ry, te draf of te stap**. Gemeentes, kategeseklasse en predikante is welkom om mekaar uit te daag. Laat weet ons asseblief van jul uitdaging en geleentheid. Reël ’n geleentheid in die gemeente, waar die predikant, kerkraad, katkisante en enige belangstellende persoon kan deelneem. Julle kan dit ook ’n aflosgeleentheid maak! Gemeentes kan hier kreatief dink en beplan.

  **Voorbeelde:**
  - 10 lidmate wat 100 maal om die kerk gaan
  - 100 lidmate wat 10 keer om die kerk loop of ry

  Mense kan as **borge of skenkers** vir deelnemers optree. Bepaal byvoorbeeld ’n bedrag vir die hoeveelheid rondtes wat geloop of gery is, en dit help dan met die insameling. Die totale bedrag skenk die gemeente, kantoor of besigheid dan aan die Rata Alphonso Monsteruitdaging.

  **THE MUNGA** begin op 29 November 2023 in Bloemfontein en eindig op 5 Desember in Wellington. **Gemeentes kan hul geleentheid reël vir Saterdag 25 November of Saterdag 2 Desember.** Ons wil graag die geleenthede se inligting en foto’s deel op sosiale media asook met Alphonso tydens die wedren. Hy sal op sy beurt weer sy vordering met ons deel.

  Skakel met meer inligting **Alphonso Monster Challenge – Rata**
  Volg ons op Rata **Facebook**
  Jy kan Alphonso ook volg op Instagram by **Alphonso Theron (@alphonso062) • Instagram photos and videos**
  Word deel van die Alphonso WhatsApp-groep en stuur ’n vasbytboodskap aan hom by **https://chat.whatsapp.com/BMvmeUsexyIJqKICS1A17s**

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- Die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** se **kontakbesonderhede** het verander. Hulle gebruik nie meer ’n landlyn nie. Kontak hul uitvoerende beampte, mev Alta Koekemoer, by 076 143 6961 of **info@toibo.org.za**.

- **NHSV Takjaarverslae.** Dit is met groot dankbaarheid dat ons tydens ons 49ste Nasionale NHSV Kongres kon beleef dat die werksaamhede van ons dames weer met ywer en entoesiasme voortgesit is. Vanaf die NHSV Hoofbestuur wil ons vir elke dame in ons gemeentes baie dankie sê vir jul volle ondersteuning en die ywer waarmee julle die NHSV se doel elke dag uitleef, waar ook al julle werksaam is.

  Ons verslag bly kort en kragtig om nét die nodigste inligting te bekom. Let asseblief daarop dat takke hul besture se besonderhede volledig sal invul sodat ons dit kan vergelyk met ons databasis. Indien daar in gemeentes waar daar nie meer ’n aktiewe NHSV tak is nie, ’n vrywilliger is wat bereid is om korrespondensie vanaf die NHSV kantoor te ontvang, sal ons

graag jou kontakbesonderhede wil hê. Verder wil ons graag weet of daar wel vergaderings, byeenkomste en fondsinsamelings plaasgevind het. Antwoord slegs JA of NEE. Vir die Hoofbestuur is die inligting vanuit die takjaarverslae van groot waarde. Daarom doen ons weer eens 'n beroep op takke om dit in te vul en **voor 30 November** na hul streekvoorsitters te stuur. 'n Opregte woord van dank aan al die besture wat so getrou die verslae invul. Klik ***hier*** om die dokument af te laai.

- **NHSV Studieleningsfonds 2024**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2024.**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  **Tans is daar ook 'n enkelwoonstel (*bachelor*) te huur** vanaf 1 Oktober 2023, teen R5300 per maand. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.


- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-

aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**. Kry die gevorderde toerusting in Bybelkennis: Ou Testament **(ds Marina Kok-Pretorius)** by **https://youtu.be/wz7AsQqrvrY?si=VDweMoQBXJPny4xT**.




## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy 'n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **30 Januarie – 2 Februarie 2024**
  By Venterskroon-kampterrein
  Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede
  **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir kalmte

Vader, ek smeek U,
skenk my gemoedsrus.
Ek vra U, kalmeer my vandag,
maak my rustig.
Ek wil rus en ontspan
in u teenwoordigheid.
Verlos my van al my angstige gedagtes.
Help my om tot stilstand te kom
en in gebed na U te draai.
Help my om my vrese en sorge
aan U oor te gee.
In die Naam van Jesus Christus.
Amen.

womansday.com/life

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk